**OMGEWINGSIMPAKSTUDIEPROSES (OIS):**

**KUDU INTEGRASIEPROJEK**
**SEF PROJEK KODE: 6041**
**OWERHEIDSVERW NR: 12/12/20/720**

Ingevolge Regulasie 4(6) van Goewermentskennisgewing No. R 1183 van 1997 onder Artikel 26 van die Wet op Omgewingsbewaring (Wet No. 73 van 1989), word hiermee kennis gegee dat Eskom beoog om die voorgestelde Kudu Gekombineerde Siklus Gas Turbine (CCGT) Kragstasie in Namibië met Eskom se Nasionale Netwerk te integreer. Die projek staan bekend as die Kudu Integrasieprojek. Namibië beoog die ontwikkeling van die Kudu CCGT Kragstasie om meer selfonderhoudend ten opsigte van elektrisiteit te word. Eskom het met Nampower ooreengekom om die ekstra elektrisiteit aan te koop, vir verspreiding in die SA Nasionale Netwerk.

Die projek sal bestaan uit 'n 400kV lyn vanaf die Kudu Kragstasie via Eskom se bestaande Oranjemond en Gromis Substasies tot by die Juno Substasie naby Vredendal in die Wes-Kaap. 'n 220kV Transmissielyn vanaf die Kudu Kragstasie tot by die Oranjemond Substasie naby Alexanderbaai word ook beplan. Die verlangde opgradering van die Substasies is ook ingesluit in die projek.
Eskom Transmissie is verantwoordelik vir die konstruksie van die twee lyne vanaf die Namibiese grens tot in Suid-Afrika asook die opgradering van die Oranjemond en Juno Substasies. Nampower is verantwoordelik vir die bou van die kraglyne vanaf die Kragstasie tot by die Namibiese grens.

PD Naidoo and Associates (PDNA), in samewerking met Strategic Environmental Focus (Edms) Bpk (SEF) is aangestel as die onafhanklike OIS Konsultante. Om te verseker dat u as belanghebbende party geïdentifiseer word en sodoende bykomende projekinligting ontvang, word u vriendelik versoek om u naam, kontakbesonderhede en 'n kort motivering vir die rede vir u belangstelling, teen **24 Februarie 2006** aan SEF te verskaf.

**OPENBARE OPE DAE / VERGADERINGS**
PDNA, in samewerking met SEF, het Ope Dae gevolg deur Openbare Vergaderings geskeduleer om die projek aan die gemeenskap bekend te stel en kommentaar daarop te verkry. Inligting aangaande hierdie geleenthede is as volg:

**PORT NOLLOTH**

| | |
|---|---|
| Datum: | 07 Februarie 2006 |
| Tyd: | Ope Dag: 15:00 – 16:00 |
| Tyd: | Openbare Vergadering: 16:00 – 18:00 |
| Plek: | Stadsaal, Hoofweg, Port Nolloth |

**GARIES**

| | |
|---|---|
| Datum: | 09 Februarie 2006 |
| Tyd: | Ope Dag: 15:00 – 16:00 |
| Tyd: | Openbare Vergadering: 16:00 – 18:00 |
| Plek: | Gemeenskapsaal, Vygie Str, Garies |

Om te registreer as 'n belanghebbende party en/of meer projekinligting te bekom, kontak SEF asseblief by:

**Strategic Environmental Focus (Edms) Bpk**
**Guillaume Nel**
**Posbus 6781**
**ROGGEBAAI, 8012**
**Tel: 021 418 2929**
**Faks: 021 418 6440**
**E-pos: guillaume@sefsa.co.za**